higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N910**(A)**(N27)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N5

(Eerste Vraestel)

(5140275)

27 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Jy is deel van 'n groep vriende wat 'n gemeenskapsprojek wil aanpak. Die artikel 'Herwinning verenig 'n gemeenskap' (aangehegte BYLAE) inspireer julle om 'n soortgelyke projek in julle gemeenskap van stapel te stuur. Om 'n braaivleisvuur besluit julle informeel om dit die herwin-en-wenprojek te noem. Fazil Memon sal die projek bestuur en as voorsitter vir vergaderings optree. Jy bied aan om die sekretaris te wees. Riza Surtie het 'n slag met mense en sal as skakelbeampte optree. Koos Phenning volg 'n kursus in finansiële bestuur en moet die tesourier wees. Lida Kooi, wat 'n kursus in sakebestuur volg, is die aangewese persoon om die administrasie vir die projek te hanteer. Die ander sewe in die vriendekring sal die bestuur help waar nodig.

Fazil se posadres en selfoonnommer sal gebruik word tot die projek op dreef is. Fazil sal ook alle korrespondensie onderteken.

VRAAG 1: PRÈCIS

Julle berei 'n PowerPoint-aanbieding voor om die beoogde projek aan die gemeenskap bekend te stel en as 'n riglyn te gebruik om met die projek weg te spring. Die aanbieding fokus op hoe die kinders in Jeffreysbaai by die projek baat, hoe die J-Bay-herwinningsprojek aan die gang gekry is en presies hoe dit werk.

Maak 'n opsomming van die artikel, 'Herwinning verenig 'n gemeenskap' vir die doel. Gee die stuk 'n gepaste titel. Dui die aantal woorde – nie meer as 135 nie – tussen hakies aan.

UITLEG	INHOUD	TAAL/SPELLING	TOTAAL
3	13	4	20

[20]

VRAAG 2: NOTULE VAN 'N VERGADERING

Tydens die eerste vergadering van die herwin-en-wenprojek maak jy die aantekeninge hier onder op 'n tabel wat vooraf opgestel is.

Bywonings-register	Volle bestuur en lede per presensielys		
Verskonings	-		
Opening en verwelkoming	Fazil - open - Ppoint-aanbieding om bespreking te rig.		
SAKE VIR BESPREKING	BESLUIT/AKSIE	VERANT-WOORDELIK	1. Voorsteller 1. Sekondant
Gemeenskaps-vergadering	Vergadering om gemeenskap te betrek - Uitnodiging aan prominente persone en bestuurders van sakeondernemings – datum 20 Februarie	Ek	Algemeen
Herwinnings-maatskapye	Herwinningsmaatskappye identi-fiseer – kontak-voorleggings aanvra vir aankoop herwinnings-materiaal	Koos	1. Ek 2. Ann Moloi
Voorraadlys vir herwinnings-winkel	Lida bied aan – lys opstel – voorrade nodig vir winkel.	Lida	Algemeen
Volgende vergadering	1 Maart	-	-

Skryf die notule van die eerste algemene vergadering wat op 1 Februarie tussen 17:30 en 19:45 plaasgevind het.

UITLEG	INHOUD	TAAL	TOTAAL
4	18	8	30

[30]

VRAAG 3: VRAELYS

Die plaaslike skoolhoofde het die gemeenskapsvergadering bygewoon en is goed ingelig en positief oor die projek. Riza volg die vergadering dadelik op met 'n vraelys om te bepaal in watter mate elke skool bereid is om betrokke te raak. Die idee is om weekliks elke middag by 'n ander skool 'n herwinningswinkel te bedryf.

Dit is belangrik om die volgende vas te stel:
– of die skool leerders sal laat deelneem aan die herwin-en-wenprojek
– op watter weeksmiddag die projek by die skool bedryf kan word
– of die leerlingraad/ouers of albei betrek kan word om as vrywilligers in die herwinningswinkel te werk
– of die skool 'n stoorplek kan bied vir die voorraad van die herwinningswinkel
– watter produkte in die herwinningswinkel aangehou moet word

Riza wil die vraelys persoonlik by elke skoolhoof afgee en sal dit na 'n week weer self afhaal.

Stel die vraelys op en gebruik ten minste TWEE vraagtipes.

UITLEG	INHOUD	TAAL	TOTAAL
3	8	4	15

[15]

VRAAG 4: NAVRAAGBRIEF

Die ontleding van die vraelyste toon dat al die skole hulle leerders sal aanmoedig om aan die projek deel te neem. Almal dui egter aan dat leerders weens sport en studiehulp slegs op Vrydagmiddae beskikbaar kan wees. Geen skool het stoorplek vir die herwinningswinkel se voorrade nie. Die projekbestuur nader die munisipale bestuurder om die gemeenskapsaal gedurende Vrydagmiddae as herwinningswinkel te gebruik en vra ook stoorplek vir die voorrade. Die munisipale bestuurder wil die versoek op skrif hê om aan sy bestuur voor te lê. Hy stel voor dat die projek kortliks verduidelik word en klem gelê word op die voordele wat die projek vir die gemeenskap inhou.

Gebruik jou inisiatief en skryf die brief aan die munisipale bestuurder.

UITLEG	INHOUD	TAAL	TOTAAL
5	12	8	25

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: KENNISGEWING

Die munisipale bestuur besluit om die projek te steun deur die gemeenskapsaal op Vrydagmiddae beskikbaar te stel vir die herwinningswinkel asook 'n klein stoor aan die saal om voorrade te berg. Danksy ruim skenkings in die vorm van skryfbehoeftes, klere, toiletware en blikkieskos kan die herwinningswinkel in die gemeenskapsaal in Kerkstraat op Vrydag 4 Mei open. Die winkel sal tussen 14:00 en 16:00 bedryf word. Kennisgewings sal by alle skole, supermarkte, kerke en die kliniek op die kennisgewingborde aangebring word om kinders te motiveer om herwinningsmateriaal – plastiek, glas, blikkies – bymekaar te maak en by die winkel te ruil vir wat hulle benodig.

Gebruik die ABBA-beginsel en ontwerp die kennisgewing

UITLEG	INHOUD	TAAL	TOTAAL
3	5	2	10

[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE

HERWINNING VERENIG 'N GEMEENSKAP	***'n Besonderse projek op Jeffeysbaai spreek twee kwessies aan: die welsyn van kinders en die omgewing*** **Deur LINDI HERBST**	
Herwinning is tans die in-ding op Jeffreysbaai. Dis alles te danke aan 'n groep vriende wat vorendag gekom het met die J-Bay-herwinningsprojek, wat ten doel het om nie net skoolkinders te leer oor herwinning nie, maar hulle ook die geleentheid te bied om in die proses entrepre-neursvaardighede aan te leer. Die projek is so geslaagd dat kinders nie kan wag om Maandae na skool die herwinbare materiaal wat hulle bymekaargemaak het vir mula te ruil nie. Dit kan hulle weer gebruik om enigiets van skryf-behoeftes tot kos en klere en selfs 'n fiets in die mulawinkel te koop. Toe die vriendekring op die idee kom om so 'n ruilwinkel te begin, het hulle 'n vergadering met verskeie organisasies, onder andere die Rotariërklub, belê om te besluit wat nodig sou wees om die projek van stapel te stuur. Benewens die herwinbare materiaal was die belangrikste deel om 'n herwiningsmaatskappy te kry wat die materiaal kon oorkoop. Daar is minstens drie sulke maatskappye op Jeffreysbaai wat die groep gekontak het en vir voorleggings gevra het. Dit was ook belangrik om die samewerking van skole en plaaslike ondernemings se ondersteuning	met voorraadaankope te kry. 'n Voorraadlys en rooster is aan al die betrokkenes gestuur – sodoende kon almal besluit wat hulle tot die projek kon bydra en kon hulle laat weet of hulle op 'n Maandagmiddag beskikbaar sou wees. Daar is ook plakkate oor die projek by twee laerskole op Jeffreysbaai, Laerskool Makukhanye en Laerskool Pellsrus, opgesit om die leerlinge aan te moedig om deel te neem. Die projek was van dag een baie gewild onder die kinders. Die ruilwinkel word elke Maandag bedryf behalwe gedurende skoolvakansies en wanneer dit reën. Aanvanklik is die projek op 'n oop veld langs Laerskool Pellsrus bedryf met 'n papierregister, 'n seil met bokse voorraad daarop gepak en 'n hangskaal. Tans word 'n elektroniese skaal en rekenaar gebruik – albei skenkings deur plaaslike ondernemings – en die gemeenskapsentrum word gebruik. Die konsep van die projek is eenvoudig. Skoolkinders bring op 'n Maandagmiddag herwinbare materiaal soos plastiek, glas, blik en karton na die gemeenskapsentrum waar dit geweeg word. Punte word dan volgens gewig toegeken en die kinders ontvang mula daarvoor. Die mula is 'n geldeenheid wat hulle kan gebruik om toiletware, kos,	skryfbehoeftes, klere en speelgoed te koop. Die winkel bied gesonde keuses – daar is byvoorbeeld geen lekkers, aartappelskyfies of speelgoedgewere te koop nie. Die gewildste artikel wat kinders met hul mula koop is seep en toiletpapier. Die grootste artikel waarvoor hulle kan spaar is 'n fiets wat 350 mula of 175 kg plastiek kos. Die kinders word aangemoedig om te spaar – so leer hulle 'n groot lewensles: Huurkoop is nie die enigste manier om 'n duur ding te bekom nie. Die vrywilligers was vanuit die staanspoor stomgeslaan deur die kinders se entoesiasme. Hulle is bereid om hard te werk en verwag niks pasella nie. Die kinders maak die herwinbare materiaal met oorgawe bymekaar. Hulle betrek familie en bure om te help en oral loop kinders in groepies en fynkam die strande en sypaadjies vir veral plastiek. Hulle weet presies wat hulle wil koop. Dan spog hulle graag onder mekaar met hulle aankope.

[Verwerk uit: *Vrouekeur;* 17 Oktober 2014]

Kopiereg voorbehou